

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteeek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Menswaardigheid”

Skriflesing: Johannes 13:1-14

Broodjies vir die pad

Voete Was

Stofpad, bergpad, kronkelpad
wie sal die wee van die voete verklaar?

Alleenpad, weenpad, huppelpad
wie sal kan sê: “Ek was ook daar.”

Al die stories deur voete vergaar
soms met 'n doring wat daarin kleef
Al harder word die voete jaar-na-jaar
Gelukkig is die voete wat die reis oorleef

Opdraandpad, afdraaipad, verdwaalpad
die fynste voete word nie gespaar
Vernielpad, hartseerpad, vergifnispad
dis die hart wat die liefde bewaar
wat die trap van die voet laat bedaar
Geseënd is die spoor wat na vrede streef
die voete wat verenig met nog 'n paar
Gelukkig is die voete wat die reis oorleef

Sagtepad, reguitpad, huistoepad
'n duisend paaie se stof vergaar
Liefdespad, gelukspad, saamweespas
laat water en hande jou voete bewaar
uit hierdie ritueel word voete gebaar
wat nooit na die klippad sal streef
en nooit weer alleen hoef te vaar
Gelukkig is die voete wat die reis oorleef

envoi

Saam maak die spore nou net een paar
met die sagste sand wat daaraan kleef
Wie sal die liefde dan ooit verklaar?
Gelukkig is die voete wat die reis oorleef

© Kopiereg - Karel Ark, Alle regte voorbehou

<http://www.woorde.co.za/Gedigte/VoeteWas.html>



Johan Degenaar: Sy invloed sal nooit stil word nie

Pieter Duvenage

Dit was te verwagte dat die filosoof Johan Degenaar hier duskant 90 ons sou ontval, maar die nuus van sy heengaan Woensdagnmiddag is 'n skok wat soos 'n klippie in die water ver uitkring.

As voorgraadse student was Degenaar nie net vir my 'n leermeester en mentor nie, maar het hy vir my oneindig baie beteken. Hy het nie net my lewe nie, maar talle ander studente, kollegas, skrywers, denkers, politici, kunstenaars en gewone mense se lewe op so 'n wyse aangeraak dat hy jou nooit weer gelos het nie.

Hy was onteenseglik een van die invloedrykste Afrikaanse en Suid-Afrikaanse denkers van sy generasie.

Johannes Jacobus Degenaar is op 7 Maart 1926 in Ladysmith gebore. Hoewel hy, soos D.J. Opperman, 'n boorling van Natal was, is hy in sy studentejare Stellenbosch toe en het nooit weer weggegaan nie.

Degenaar kom uit die Stellenbosse skool van filosofie waar voorgangers, soos Nicolaas Brümmer en sy leermeester Freddie Kirsten (1908-1994) hom in die rigting van kontinentale filosofie beïnvloed het. Degenaar het egter, sedert hy in 1949 filosofie begin doseer het, 'n eie weg gevolg waarin die fenomenologie en veral die eksistensialistiese beklemtoning daarvan deurslaggewend was. Later is ander denkskole op 'n kreatiewe wyse bygevoeg.

Hy het in 1961 van die departement filosofie oorgeskuif na die departement staatsfilosofie, onder druk van die teoloog, en was van 1969 professor en hoof van dié departement, wat later die naam politieke filosofie gekry het.

Aan die einde van sy loopbaan, net voordat hy in 1991 afgetree het, het hy na die departement filosofie teruggeskuif. Ná sy aftrede is sy gesaghebbende stem steeds gehoor by voorlesings, in lesingreekse op verskeie forums en by publikasies totdat sy stem, maar nie sy invloed nie, hier rondom 2000 stil geword het.



Hoe kan 'n mens in 'n kort huldeblyk soos hierdie reg laat geskied aan die werk en die invloed wat Johan Degenaar op die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse geesteswêreld uitgeoefen het?

Hier kan 'n mens net rowwe kantaantekeninge maak. Degenaar het regdeur sy loopbaan, van die 1950's af, veral op religieuse, estetiese en politieke temas gefokus.

Hoewel die religieuse, waar hy 'n soort niedogmatiese respek vir die Christelike tradisie gehad het, meer op die agtergrond was, is sy nadenke oor die kuns en politiek op die voorgrond geskuif. In die behandeling van al hierdie temas staan die vol-gende uit: Degenaar se verwonderde en Sokratiese omgang met die wêreld en die mens en mense wat dit bewoon, maar ook kritiek op dogma-tiese skemas wat daarop afgedruk word.

In sy talle invloedryke publikasies (12 boeke, drie gepubliseerde lesingreekse en naastenby 150 bydraes tot

versamelbundels, vaktydskrifte en semi-populêre werke) het Degenaar hom nie net gevestig as 'n hoogs oorspronklike denker in eie reg nie, maar het hy ook 'n wye verskeidenheid filosofiese denkskole en konsepte aan die filosofiese en breër akademiese gesprek in Suid-Afrika bekend gestel.

Sy publikasies sluit in: drie boeke oor onderskeidelik N.P. van Wyk Louw, Teilhard de Chardin en Albert Camus; twee boeke wat handel oor filosofiese antropologie en sekularisasie; en vyf boeke wat handel oor kwessies rakende politieke filosofie.

Die departement buitemuurse studie aan die Universiteit van Kaapstad het ook drie reekse somerskoollesings gepubliseer oor die temas van ideologie, die kwessie van sekulêre religie en 'n bekende een oor kuns en die betekenis van die lewe.

Degenaar se reputasie het vir my baie te doen met die onverskrokke posisie wat hy sedert die 1950's teen apartheid, maar ook ná 1994 teen magsvergrype in die nuwe Suid-Afrika ingeneem het.

In die ontwikkeling van sy politieke denke het Degenaar 'n grondige studie van die nasionalisme, liberalisme, Marxisme en swartbewussyn in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen en uiteindelik met sy begrip van politieke pluralisme as alternatief geantwoord. Hierdie alternatief het hy in verskeie opstelle (1974-1982 en weer ná 1990) krities verdedig.

Veral opstelle soos "Myth of the South African Nation" (1991) en "Be-ware of Nation-building Discourse" (1993), kom basies op die volgende neer. Om verskeidenheid in die politiek nie vanuit die sentrum te bedink nie, maar eerder demokraties van onder af.

In die politiek moet 'n mens eerder wedersyds erken en saamwerk as om verskille te ontken en een te word.

Dat dit 'n baie moeilike gegewe is, het Degenaar in 2005 in 'n onderhoud met my dit soos volg verwoord: "... daar is iets wat my weghou van die idee dat jy mense wat eenders dink en wat kultureel dieselfde dinge doen as uitgangspunt vir die politiek moet skeep. Daarom het ek ook 'n ander opstel geskryf, 'How Can a Human World Live Its Difference?' (2000). Dit geld ook vir Suid-Afrika. En hieroor moet ons nie net praat nie, maar ook leef."

Hierdie aanhaling van Degenaar is egter net die oortjies van die seekoei.

Ander kan verskil van my interpretasie hier – uiteindelik is daar meer as een Degenaar. Een punt staan egter uit: Degenaar se kreatiewe dinkwerk en voorbeeld het baie mense geraak en dit sal baie mense steeds op die pad vorentoe raak. Solank 'n Suid-Afrika bestaan wat erns maak met temas soos geregtigheid en gelykheid, moet die temas van vryheid en verskil nie nagelaat word nie. In hierdie opsig bly hy 'n hoeksteen van ons gewete.

■ *Prof. Duvenage is hoof van die departement filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy en Willie van der Merwe het 'n bundel van Johan Degenaar se belangrikste essays geredigeer. W.L. van der Merwe en P. Duvenage (samest.): Die Tweede Refleksie. 'n Keur uit die denke van Johan Degenaar. Stellenbosch: SUN Media.*

<http://www.netwerk24.com/stemme/aktueel/2015-07-24-sy-involed-sal-nooit-stil-word-nie>

Brood vir die pad

Om te kán, of om te leer 'cope', of dalk om méér?

Dirkie Smit

Die só populêre ideologie van ons dag van yes, we can is natuurlik nie eintlik waar nie, jammer om te sê, vir al dié wat vurig daaraan glo. Dis een van die lesse wat vele van ons ongelukkig eers moei-saam leer met ouer word – en soms spyt is dat ons dit nie lank tevore reeds begryp het nie. Lewenskuns vra ánder vaardighede. Geluk hang af van ánder ingesteldhede. Dis alles só voor die hand liggend dat ons dit veel vroeër reeds kón ontdek as ons nie so vol eiewaan was nie.

Dog, ook invloedryke denkstrome help nie eintlik hiermee nie, aldus die gerespekteerde filosoof van Yale en Oxford, Robert Adams, in *Finite and Infinite Goods*. Etiese tradisies van ons tyd vra meesal (bloot) na die vraag wat om te dóén. Wil oriëntasie bied vir hoe om te handel, op te tree, wat om te doen onder alle omstan-dighede en voor enige uitdaging. Hulle berus op die aanname dat ons kán doen, kán handel, kán optree, uitdagings kán hanteer, krisis die hoof kán bied, morele kwessies kán oplos, keuses hét. Yes we can, glo hulle almal. Die vraag is net wát om te doen. Maar dis natuurlik nie waar nie, sê hy. Dit beskryf nie naastenby die waarheid aangaande ons eie lewe nie. Dit verwoord hoegenaamd nie ons mees alledaagse ervaringe van menswees nie. Dis doodeenvoudig nie wie ons is nie.

Hoekom nie? Omdat hulpeloosheid so 'n groot deel van ons lewe uitmaak, antwoord hy. Ons lewe begin hulpeloos en afhanklik, as ons babas is, klein en broos en aangewese op ander, en ons lewe (ás ons begenadig word) eindig hulpeloos en afhanklik, oud en broos en aangewese op ander. As ons die erns hiervan tog maar kon begryp. In aanmatiging verbeel ons ons egter dat dié lewensfasies uitsonderings is, afspeel vóór en ná ons eintlike lewe – en dat ons tydens ons eintlike lewe wél in beheer is, wél in staat, wél by magte, wél yes we can-mense is. Dog, daarmee vergeet ons hoe hulpeloos ons eintlik ons hele lewe lank is. Afhanklik van ander, aangewese op verhoudinge. Sosiale wesens, nie selfgenoegsame eilande nie. In vele opsigte magtelos – teenoor persoonlike leed en openbare lotgevalle, politieke magte en fisieke kwale, verlatenheid en verlies. Soms kán ons niks.

Wat ons dus eintlik ons lewe lank doen, is om te leer cope, sê hy. Ons leer tereg kom. Ons ondergaan wat kom sonder om onder te gaan. Ons óórleef met geduld, dankbaarheid, berusting, volharding. Met verset, weerstand, uithou vermoë. Met onderskeiding, wysheid, vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ons gee nie moed op en verloor nie hoop nie. Ons bly glimlag, gee ons vreugde en blydschap nie prys nie. Ons kla en mor nie ontevrede nie, ons bly wens nie altyd alles was anders nie. Etiek behoort ons eerder híermee te help – want dis waarom menswees eintlik vra, elke dag. Om te leer omgaan met ons hulpeloosheid is integraal deel van die goeie lewe, sê hy, van geluk en wel wees. Etiese teorieë wat niks hieroor sê nie, laat ons in die steek in letterlik die uur van ons grootste nood. Bybelse taal is veel meer realisties.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-07-18-djs-om-te-kn-of-om-te-leer-cope-of-dalk-om-mr>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877